Nature's Valley Ratepayers' Association
Belastingbetalersvereniging

Nature's Valley Nuus

388 Lagoonrylaan
Kantoor-ure:
9:00 – 12:00
Ma/Wo/Do

Posbus 222
The Crags 6602
Tel: 044 – 5316699
Faks: 044 – 531 6668

natrpa@worldonline.co.za

No. 27 **Redakteur: Jeanne Biesenbach** **Februarie 2010**

PIEK FORMOSA staan in VLAMME!

Bo: Piek Formosa brand, 9 Feb. 2010, 21:50. Foto: Geoff McIlleron, geneem vanaf die strand, Nature's Valley. Afstand: 25 km. Sluiterspoed: 30 sekondes.

Onder: Teen die volgende oggend het Piek Formosa nog steeds gesmeul . . . Let op na die verskil in die silhoeëtte van die bergpieke op die twee foto's.

Voorsitter: Jeanne Biesenbach

Die eerste nuusbrief van 2010 doen verslag oor verskeie belangrike sake, onder andere die gevolge van die uitmergelende droogte op Nature's Valley en 'n skedule van die tydperke wat die Grootrivierpas in 2010 gesluit sal wees.

Gedurende die afgelope drie jaar is Nature's Valley deur natuurrampe getref wat chaos veroorsaak het. In November 2007, na ongekende hoë reenval in die opvanggebied en Tsitsikamma, het die Grootrivier in 'n verwoestende vloed afgekom. Die brug is erg beskadig en die aanlope in yslikge donga's omskep. Die water het deur die woud gestroom en alles in die pad daarvan ontwortel en meegesleur. Laagliggende eiendomme tot by Hiker's Haven is oorstroom en Nature's Valley is sonder water gelaat. Tonne der tonne boomstompe en opdrifsels het die hele strandgebied versper. Minder as 'n jaar later in September 2008 het 'n buitengewone hoë springgety gekoppel met 'n stormsee en reuse deinings groot dele van die strand uitgekalwer tot hoog teen die voorste kusduin, met branders wat tot in die strandmeer gebreek het. Die parkeerterrein is bykans weggespoel en laagliggende eiendomme in Lagoonrylaan weer oorstroom – hierdie keer deur soutbelaaide water. In 2009 is die Suid-Kaap deur 'n uitmergelende droogte geteister en in Desember tot 'n rampgebied verklaar.

Nature's Valley is ook in die greep van hierdie droogte vasgevang, wat volgens langtermyn weervoorspellings tot April kan voortduur. In 2009 is 419 mm reën gemeet teenoor die jaarlikse gemiddelde van 729 mm. Slegs 18 mm is in Januarie 2010 gemeet. Die Grootrivier is ons enigste waterbron, en in Desember is die laagste invloei in 80 jaar van rekordhouding gemeet teen 65 liters per sekonde. Sedertdien het die toestand verder versleg en tans is die invloei nog laer teen 45 liters per sekonde. Die woud en onderbos sowel as fynbos is papierdroog.

Gedurende die eerste weke van Februarie het brandbestryders onverpoosd geveg om 'n aantal brande wat in die Tsitsikammaberge gewoed het onder beheer te bring – onder andere die brand wat van Piek Formosa afbeweeg het, en die brand wat dele van die Soetkraalgebied van die Tsitsikamma nasionale park vernietig het.

Uit bostaande is dit duidelik dat voldoende watervoorsiening uit die Grootrivier tans 'n bron van kommer is, en dat die ongehoorde droë toestande in die Vallei 'n ernstige brandgevaar inhou.

Met die oog op die komende April skoolvakansie versoek ons dringend dat elke eienaar by die streng waterbeperkings en munisipale regulasies betreffende die maak van vure hou.

2010 NVBV komitee en gekoöpteerde lede

Aan die einde van 2009 het Diana Woode en Frans Wagener, wat jare lank op die komitee gedien het, bedank. Ons wil graag ons diepe waardering uitspreek vir hulle onvermoeide ywer en toegewydheid in belang van Nature's Valley.

'n Alfabetiese lys van portefeuljes met konvenors, lede en gekoöpteerde lede volg. Nuwe lede is onderstreep.

Voorsitter: Jeanne Biesenbach.
Adjunk-voorsitters: James Martin, Doug Blaine.
Administrasie: Jeanne Biesenbach (konvenor), Marie Joubert (kantoor).
Gekoöpteer: Maaike Murphy (databasis).

Beboude omgewing: Jeanne Biesenbach (konvenor), Stef Naude, Roe Venter, Conrad Wiehahn.
Gekoöpteer: Robert Kleyn, Bertie van Zyl, Jan Strydom.
Finansies: Abrie du Toit (konvenor), Jeanne Biesenbach.
Infrastruktuur: Jeanne Biesenbach (konvenor), Doug Blaine, Juan le Roex, Johan Grobbelaar, Pieter Steyn.
Gekoöpteer: Geoff McIlleron, Frans Kapp, Riaan Breedt.
Kommunikasie: Ekstern: Ina Brand (konvenor), Engela Muller.
Gekoöpteer: Gordon Paterson, Marina Niven, Roy Parkhurst.
Intern: Jeanne Biesenbach, Engela Muller, Anton van Wyk.
Omgewing: James Martin (konvenor), Michael Perlman, Ina Brand, Engela Muller.
Spesiale projekte: Jeanne Biesenbach (konvenor) James Martin.
Veiligheid en Sekuriteit: Peter Harpur (konvenor).
Gekoöpteer: Beefy Mance

Gemeenskap skakelbeampte: Mornay du Plessis
Wyksverteenwoordiger: Paul Zietsman

INFRASTRUKTUUR: JEANNE BIESENBACH, DOUG BLAINE

'n Vergadering wat in Julie 2009 met munisipale departementshoofde en senior amptenare gehou is, het gelei tot positiewe gevolge en 'n goeie diensleweringsprogram in Desember. 'n Soortgelyke vergadering sal eersdaags in Maart gehou word om vroegtydig verdere diensleweringskwessies in Nature's Valley aan te spreek.

WATERBEPERKINGS

1. Geen natmaak van tuine met munisipale water word toegelaat nie.
2. Waterverbruik van huishoudings word tot 15 Kl per maand beperk.
3. Vanaf 1 Februarie 2010 sal 'n 200 % boete gehef word op basiese en glyskaal-tariewe van huishoudings wat meer as 25Kl water per maand gebruik.
4. Vloei reguleerders sal aangebring word by eiendomme waar daar nie aan die waterbeperkings gehoor gegee word nie.

Huishoudelike afval en tuinvullis

Neem asseblief kennis van die volgende munisipale bywet betreffende die plaas van huishoudelike vullis en organiese afval:
"Niemand mag goed of organiese afval op sypaadjies of in die straat plaas nie. Enigiemand wat hierdie regulasie oortree en nie regstel nie, is skuldig aan 'n misdryf en kan beboet word."

Wat betref huishoudelike afval word hier verwys na afval wat op ander dae behalwe Woensdae uitgesit word.

GROOTRIVIERPAS

Skedule van tye wanneer pas gesluit is

Woensdag 13 Januarie 2010 – Maandag 15 Maart 2010

- Die Oostelike gedeelte (NV na PE) van die pas sal gesluit wees vanaf die brug tot by die uitsigpunt bo-op die pas.
- Die Westelike gedeelte (Plett na NV) sal oop wees.

Maandag 15 Maart 2010 – Maandag 12 April 2010

- Die Westelike gedeelte (Plett na NV) van die pas sal gesluit wees
- Die Oostelike gedeelte sal oop wees vir enkellaan STOP/RY verkeer en oponthoude kan verwag word.

Maandag 12 April 2010 – Woensdag 9 Junie 2010

- Die Oostelike gedeelte (NV na PE) van die pas sal gesluit wees.
- Die Westelike gedeelte (Plett na NV) sal oop wees.

Woensdag 9 Junie – Maandag 5 Julie 2010

- Die Westelike gedeelte (Plett na NV) van die pas sal gesluit wees.
- Die Oostelike gedeelte van die pas (NV na PE) sal oop wees vir enkellaan STOP/RY verkeer en oponthoude kan verwag word.

Maandag 5 Julie 2010 – Vrydag 1 Oktober 2010

- Die Westelike gedeelte (Plett na NV) van die pas sal gesluit wees.
- Die Oostelike gedeelte (NV na PE) sal oop wees.

N2 Tolhek en tariewe

'n Openbare vergadering belê deur SANRAL en die Tsitsikamma tolplaza operateurs is op 15 Februarie 2010 te Nature's Valley en Covie gehou.

Die volgende is 'n opsomming van die belangrikste punte:

- Twee nuwe tolhekke is op die afritte van die N2 by die Bloukrans uitgang/toegang tot die N2 opgerig op die plek waar twee outomatiese hekke in 1984 aangebring is en later verwyder is.
- Vanaf Maart tot Oktober 2010 sal Nature's Valley inwoners en alle ander verkeer na die vallei dus verplig wees om tydelik die tolhekke te gebruik slegs wanneer die westelike gedeelte (Plett na NV) van die Grootrivierpas gesluit is.
- Wanneer die Grootrivierpas in Oktober 2010 oopgestel word, sal almal weer toegang tot Nature's Valley hê vanaf die Plett (westelike) rigting sonder om tol te betaal. Wanneer die Bloukranspas einde 2011 weer oopgestel word, sal dit moontlik wees om die tolplaza mis te ry deur die R102 te volg oor die Grootrivier- en Bloukranspasse en by Coldstream by die N2 aan te sluit, en omgekeerd.
- Na aanleiding van vertoë deur die NVBV aan SANRAL is 'n afslag van 85 % vir kategorie 1 voertuie aan inwoners van Nature's Valley en Covie toegestaan en hoef hulle slegs R5,00 tol in plaas van R33,00 te betaal.
- Verdere vertoë is ook aan SANRAL gerig oor die finansiële implikasies wat die tolfooie vir verkeer, kommersiële, munisipale en noodvoertuie na die Vallei inhou en sal aan die ministerie van vervoer deurgegee word. Bitou munisipaliteit is ook nou by die saak betrokke en besig met hoë vlak onderhandelings met SANRAL waarby die provinsie ook betrokke is.

FINANSIES: ABRIE DU TOIT

Op versoek van belastingbetalers het ons herinneringe gestuur aan eienaars wat nog nie bygedra het nie.

Ons wil dit beklemtoon dat alle bydraes vrywillig van aard is en ten seerste waardeer word.

Bankbesonderhede:
Rekening: Nature's Valley belastingbetalersvereniging
Rekening nr: 08 260 9217
Bank: Standard Bank
Tak: Plettenbergbaai
Takkode: 050714

Maak asseblief seker dat u NAAM en ERFNOMMER op die inbetalingsbewys verskyn vir verwysingsdoeleindes

BEBOUDE OMGEWING: JEANNE BIESENBACH, ROBERT KLEYN, CONRAD WIEHAHN

Phyl Martinpark (erf 429) en Fynbosreservaat (erf 460)
Tot op hede, aan die einde van Februarie, is daar geen verdere verwikkelings aangaande die voorgestelde vervreemding en verkoop van bogenoemde twee oop ruimtes nie.

Karavane en tente
Gedurende die afgelope Desember vakansie is daar gemerk dat mense in geparkeerde karavane en in tente op eiendomme gekampeer het. Let asseblief daarop dat geen kampering in karavane of tente op eiendomme toegelaat word nie volgens die onderstaande uittreksel uit Nature's Valley titelaktes:
"No temporary structures may be erected nor may caravans or tents be brought upon the property nor may the transferee camp thereon or permit others to do so."

Hierdie beperkende titelvoorwaarde is ten gunste van alle eienaars geregistreer en moet dus nagekom word.

OMGEWING: JAMES MARTIN, MICHAEL PERLMAN, INA BRAND

Hoë brandgevaar
Vanweë die uitsonderlike droë toestande en buitengewone hoë brandgevaar in Nature's Valley, doen ons 'n dringende beroep op elke eienaar om die volgende munisipale regulasies met betrekking tot die maak van vure streng na te kom:

- Geen vure word in publieke areas toegelaat nie.
- Geen afval van watter aard ookal mag op 'n eiendom verbrand word nie.

Wees asseblief uiters versigtig wanneer daar gebraai word – maak slegs 'n klein vuurtjie en sorg dat die kole behoorlik geblus word wanneer die braai klaar is.

'n Onlangse brand in die Franschhoekberge wat 4 000 ha fynbos verwoes het en bykans 'n week geneem het om te blus, het ontstaan by 'n klein vuurtjie wat aangesteek is om kos warm te maak.

Honde
Die afgelope vakansie was die merkbare toename in oortredings van die onderstaande SANParke regulasies en munisipale bywette betreffende honde 'n besliste bron van kommer:

- Geen honde word in 'n nasionale park toegelaat nie.
- Honde word slegs voor 9 vm en na 4 nm op die strand en by die strandmeer toegelaat, en moet altyd aan leibande wees.
- Honde moet aan leibande wees in publieke areas en strate.

- Honde mag slegs losgelaat word binne behoorlik omheinde gedeeltes van erwe.
- Die persoon wat ‘n hond beheer, is verantwoordelik vir die optel en verwydering van die hond se ontlasting.

Ons doen ‘n ernstige beroep op alle honde liefhebbers en eienaars om te help om toe te sien dat bostaande regulasies en bywette gehandhaaf word vir die genieting van Nature’s Valley deur almal.

See en Strand

Op 5 Januarie 2010 het ‘n tragiese verdrinking plaasgevind toe twee Noorweegse toeriste naby die riviermond in die see in is in baie ontstuimige toestande. Toe hulle die noodoproep ontvang, het die lewensredders van hul stasie by uitgang 4 gehardloop tot by die mond en daarin geslaag om die vrou te red. Die man is egter deur die see meegesleur en sy liggaam is deur die NSRI, wat reeds ontbied was, gevind.

Hierdie tragedie onderstreep weer die gevaarlike see toestande wat by Nature’s Valley kan voorkom; die feit dat swemmers by die afgebakende gebied behoort te swem en ag te slaan op die waarskuwings van die lewensredders, en die noodsaaklikheid van nog lewensredder-stasies.

VEILIGHEID EN SEKURITEIT: PETER HARPUR

ADT kliënte word gewys op die volgende gratis dienste:
Klas A Netcare 911 nood paramediese reaksie na u eiendom om enigiemand wat wettig op die perseel is te behandel, te stabiliseer en na die naaste mediese fasiliteit te vervoer.
‘n Meet-and-greet diens waarvolgens u ‘n sekuriteitspersoon kan versoek om u laataand na u huis te vergesel of as dit blyk dat alles nie pluis is nie.

NATURE’S VALLEY op die INTERNET

Omdat die internet tans so intensief gebruik word vir toegang en uitruil van inligting het ons dit goed gedink om ‘n lys van webtuistes wat met Nature’s Valley te make het, deur te gee. Ons sal enige terugvoer oor ons NVBV webtuiste verwelkom asook voorstelle oor die rigting waarin die NVBV se aanlynteenwoordigheid moet beweeg.

- **NVBV amptelike webtuiste** www.natures-valley.com/NVRA/main.htm (met Robert Kleyn se goedgunstiglike huisvesting) Hiervandaan *lei skakels na Nuus, NVBV dokumente, ens.*
- **Wikipedia** http://en.wikipedia.org/wiki/Nature's_Valley

Hier is ‘n kort geskiedenis van die vallei, fauna en flora lyste, ens.

- **Facebook**: “Help Save Natures Valley” groep (1800 lede) - ‘n inisiatief wat daargestel is om besware teen die verkoop en ontwikkeling van die Phyl Martin Park en die Fynbosreservaat in te samel.
- **Facebook:** “Nature’s Valley” groep (‘n sosiale netwerk wat priimêr bedoel is vir permanente inwonerse om plaaslike sake te bespreek. Die administrasie word deur Beefy Mance behartig. *Let daarop dat toegang tot Facebook groepe vereis dat ‘n persoon moet registreer as Facebook-gebruiker. Die registrasieproses by www.facebook.com is egter redelik eenvoudig.*
- **Nature’s Valley Trust** www.naturesvalleytrust.co.za

Vir enige voorstelle, kommentaar en/of bydraes, kontak Engela Muller by oupadaan@lantic.net

MENSE EN GEBEURE

'n Geslaagde kinder Kersparty gereël deur komiteelede Ina Brand en Engela Muller is op 21 Desember te Covie gehou. Ons dank en waardering aan Ina en Engela en die ruimhartige skenkings van belastingbetalers wat hierdie geleentheid moontlik gemaak het.

WELKOM

Leon en Elsa Venter van Forestrylaan 143 wat hulle permanent in die Vallei gevestig het na 'n aantal jare se pendel tussen hulle huis hier en Benoni.
Cindy-Lee Cloete wat aangestel is as die nuwe omgewingsopvoeding- en gemeenskapsuitreikbeampte van die NV Trust.

HARTLIK GELUK

Peter Rich met 'n uitstaande prestasie. Die Mapungubwe Interpretation Centre in Limpopo wat deur Peter Rich argitekte vir SANParke ontwerp is, het die voorste prys in wêreld argitektuur naamlik World Building of the Year by die 2009 World Architectural Festival Awards verower uit 'n kortlys van 272 projekte uit 67 lande. Die sentrum wat ontwerp is om artefakte uit die oergeskiedenis van die gebied uit te beeld, is onderlê deur 'n omvattende maatskaplike program waardeur die kundigheid en arbeid van die plaaslike gemeenskap gebruik is, en hulle in die ontwerp en konstruksieproses betrek is.
(Inligting: Architect and Builder, November/December 2009)

IN MEMORIAM

Ds Bennie Cronje, een van die vroeë Forestrylaan eienaars wat reeds 46 jaar met sy familie na die Vallei kom, is op 10 Februarie oorlede.
Ds Piet Botha van Forestrylaan wat een van die eerste kopers van 'n eiendom in Nature's Valley was, is in April oorlede.
Bertie Grobler, afgetrede skaapboer van Phillipolis wat sy eiendom in 1963 gekoop het en in 2003 met sy vrou permanent in die Vallei afgetree het, is op 30 November oorlede.
Dr William Hamish Gilbert wat vir meer as 55 jaar in Nature's Valley vakansie gehou het, is op 3 Januarie oorlede.
Filicity (Tilly) Barnardo van St George'slaan is in Julie oorlede. Tilly was die laaste van die Barnardo familie in Nature's Valley, en was getroud met Leon jongste seun van die legendariese Hendrik Barnardo, eienaar van die plaas Grootrivier waarop die dorpsgebied van Nature's Valley uitgelê is. Na hul aftrede in die Vallei in 1979 was Tilly 'n alombekende en geliefde inwoner wat 'n leidende rol in die plaaslike NG gemeente gespeel het.

Huldeblyk:

Patrick Niven (1924 – 2009)

Patrick Niven was 'n uitsonderlike man van vele talente en uiteenlopende belangstellings, en ons bring hulde aan hom en sy bydrae tot sy (en ons) geliefde Nature's Valley.
Sy dood op 3 Julie 2009 het 'n einde gebring aan 'n verbintenis met die Vallei wat in 1930 begin het toe hierdie kleinseun van Sir Percy FitzPatrick saam met sy ouers, Jack en Cecily, by Swann's Camp op die oewers van die Grootrivier vakansie gehou het. In 1959 het Patrick met Marina Niehaus wie se familie ook sedert haar kinderdae by Swann's Camp gekampeer het, getrou, en in 1973 het die Nivens hulle huis in die Sindikaat gekoop.
Patrick was vanaf 1992 tot 1995 voorsitter van die belastingbetalersvereniging en een van die sleutelfigure in die tot standkoming van die kontraktuele parkgebied in 1995 toe hy ook as eerste voorsitter van die bestuurskomitee verkies is. Lank na aftrede was Patrick steeds in 'n raadgewende hoedanigheid by die kontraktuele gebied vergaderings betrokke.

Na die verwerwing van ‘n landbougraad te Cambridge het Patrick by sy pa op hulle plaas aangesluit en later wêreld president van die internasionale vereniging van sitruskwekers geword. Van kleinsaf het Patrick ‘n buitengewone belangstelling in natuurgeskiedenis en veral voëlkunde – wat sy passie geword het – gehad. In navolging van die Niven-familie wat die Sir Percy FitzPatrick Institute of African Ornithology aan UK gestig het, het Patrick voorsitter geword van die John Voelcker Bird Book Fund wat die publikasie van die nuutste monumentale uitgawe van Roberts’ Birds of South Africa behartig het. Wat bybly is dat hierdie begaafde man wat altyd nederig en beskeie was ‘n onuitwisbare indruk gemaak het op almal wat hom ontmoet en geken het.

Patrick Niven

Ons innige medelye met al hierdie families.

REËNVALSYFERS 2004 – 2010: YVONNE BATH

	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	*Gemiddeld*
Januarie	70	61	89	54	62	4	18	***57***
Februarie	86	49	20	41	48	44		***48***
Maart	82	109	62	97	42	6		***66***
April	61	47	101	30	39	68		***58***
Mei	21	46	100	102	8	16		***49***
Junie	42	23	46	41	69	51		***45***
Julie	34	13	91	40	14	66		***43***
Augustus	38	8	232	55	78	11		***70***
September	142	34	16	18	21	68		***50***
Oktober	74	14	57	86	90	53		***62***
November	20	93	61	308	98	32		***102***
Desember	203	46	60	89	31	44		***79***
Totaal mm	873	543	935	961	600	419		***729***

AJV Notule

Vind asseblief hierby aangeheg die notule van die AJV van die NVBV wat op 22 Desember 2009 in die NG Kerksaal te Nature’s Valley gehou is.